WEEK 21 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

SINODENUUS

Ondersteuning

NB! BEURSE EN LENINGS - NG KERK VRYSTAAT: Die Sinodale Kerkkantoor ken jaarliks beurse en lenings aan voltydse teologiese, sowel as nie-teologiese studente, toe. Aansoekvorms vir beurse en lenings ten opsigte van die 2020 studiejaar, is reeds by hierdie kantoor beskikbaar. **Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 31 Augustus 2019 om 16:00.** Vir verdere navrae in dié verband, kontak gerus vir Danielle van Heerden by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan **studente@ngkvs.co.za**. **LET WEL**, *hierdie beurse en lenings word slegs aan studente (nie-teologies) toegestaan wat aan 'n Vrystaatse instansie studeer en wie se ouers in die Vrystaat woonagtig is, asook teologiese studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer.* ***Voorwaardes geld.***

Visionering

Taakspan: Vrouebediening NGKVS - Toerustingsgeleentheid Februarie 2020:

Hierdie gewilde kamp vind weer tydens die **naweek van 14 - 16 Februarie 2019 by Amanzi naby Brandfort**, plaas. Die **spreker** tydens dié geleentheid is **dr Frederick Marais** wat aan die Communitas Netwerk verbonde is. **Let wel, die besprekings vir hierdie geleentheid het reeds op Dinsdag 23 Julie 2019 geopen en sluit op Maandag 14 Oktober 2019.** Klik **hier** vir die inskrywingsvorm - **NB! Alvorens julle enige gelde inbetaal, moet julle eers vir Marietjie van der Merwe op 076 113 9601 kontak om seker te maak van die beskikbaarheid van akkommodasie.** ***Aangesien die plekke beperk is word 'n beroep op die gemeentes gedoen om só spoedig moontlik te bespreek.*** Die bespreking kan bevestig word met die betaling van 'n 50 % deposito nadat julle eers met Marietjie bevestig het - **die uitstaande bedrag moet teen die einde van Desember 2019 betaal wees** *(regstelling, in die brief staan Desember 2020).*



GEMEENTENUUS

NG Gardeniapark bied aan:

NG Kerk Brandfort bied aan: Die sanger, **Len Muller** tree op **Sondag 18 Augustus 2019 om 09:30** by die *Tri Hunt Game Lodge* in Brandfort (S 28° 51.694' E026° 22.122'), op. Die koste is R100 per persoon wat 'n braaipakkie, bykos en nagereg insluit. Hierby is ook 'n gratis *gamedrive* ingesluit. Vir besprekings, kontak Hannika Struwig op 082 873 26 50.

NG Pellissier:

NG Marquard - Fondsinsameling:

Vir hierdie geleentheid is daar verskeie jagpakette (vir 2020 seisoen) beskikbaar wat gewen kan word, **die gelukkige trekking hiervan vind tydens die basaar in September 2019 plaas** - klik **hier** vir al die besonderhede en kontakbesonderhede.

OPLEIDINGSGELEENTHEID

Lentekonferensie - Sentrum vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling: Die jaarlikse Lentekonferensie word **vanaf 17 tot 19 September 2019** gehou met die tema, ***Hoe ons onthou, hoe ons vergeet. Om verbeeldingryk te leef.*** Vanjaar word die brosjure, soos verlede jaar, nie per landpos aan predikante gestuur nie, maar slegs elektronies. Besoek asseblief **Excelsus se webblad** - die **brosjure met die program is** by http://bit.ly/lk19brosj **beskikbaar** (gee kans om af te laai). Doen **inskrywings elektronies** by http://bit.ly/19lkinsk